Oude Westhof
Retirement Village • Aftree-oord

**VERSLAG RAKENDE DIE SAKE VAN DIE SORGVERSKAFFER VIR DIE PERIODE 1 MAART 2019 TOT 29 FEBRUARIE 2020**

Die verslag is voorberei vir die inligting van lede ingevolge Klousule 33(2)(k) van die Grondwet.

Klousule 51(2) van die Grondwet bepaal dat direkteure van die Sorgverskaffer (OWOBV (Edms) Bpk) trustees van die Bestuursvereniging moet wees.

Die volgende trustees dien as direkteure vir 'n onbepaalde termyn ingevolge artikel 68(1) van die Maatskappyewet 2008 (Wet Nr. 71 van 2008):

Mnr. Hennie Hurter
Dr. André Dreyer
Mnr. Chris Heyns
Mnr. Arrie van der Schyf
Mnr. Bruno Wehrle

Die direkteure vergader maandeliks in die week voor die trusteevergaderings. Afskrifte van die notules en finansiële maandstate word by die vergaderings van die Raad van Trustees ter tafel gelê.

Die verslagperiode was die derde volle finansiële jaar in werking onder die bestuur van Matrone Ina Prevedello bygestaan deur haar goed opgeleide personeelkorps.

Die multi-dissiplinêre span is saamgestel uit:

- Matrone Ina Prevedello – Verpleegbestuurder
- Dr. Theresa Swart – mediese praktisyn met nagraadse opleiding in palliatiewe versorging.
- Dr. Mariaan Kühn – mediese praktisyn
- Me. Edna Lamprechts – maatskaplike werker
- Me. Lindie Uys – arbeidsterapeut
- Senior geregistreerde verpleegsters by die Sorgsentrum

Die span voer gereelde besprekings, bykans op 'n daaglikse basis, of persoonlik of by wyse van hul Whatsapp-groep.

Die geouditeerde finansiële state vir die verslagperiode, tesame met die begroting vir die 2020 – 21 finansiële jaar sal aan lede gesirkuleer word, maar ons wil graag die volgende sake uitlig:

Inkomstestaat vir die jaar tot 29 Februarie 2020: Notas

1. Inkomste: Bedra R8 818 018 vir die jaar, 3,2% meer as inkomste voor begroot. Die bedbesetting van die Sorgsentrum was baie bevredigend.
2. Uitgawes: Dit het R8 259 691 bedra vir die jaar, 2,6% minder as die begroting.
   - 2.1 Salarisse: Die Sorgsentrum beskik oor 'n hoogs geskoolde arbeidsmag. 50% van die inkomste het dus gegaan aan salarisse vir die gemiddeld van 35 personeellede.
   - 2.2 Spyseniering: Die spysenieringskontrak maak voorsiening vir alle maaltye wat 'n verdere 13% van die inkomste absorbeer.
   - 2.3 Munisipale kostes sou normaalweg 'n verdere 10% van inkomste verg, maar die werklike munisipale kostes vir die jaar was toe aansienlik minder as voorsien. Die terugskrywing van die oorvoorsiening kon dus bydra tot 'n wins van R403 040 na belasting.

3. **Lening:** Die Sorgsentrum het R31 997 terug betaal aan die Bestuursvereniging. Die uitstaande lening bedra R4 044 294 teen die jaareinde.

**Begroting 2020/2021**

Inkomste: Die Sorgsentrum begroot vir 'n inkomsteverhoging van 3,9% tot R9 164 916. Die Sorgsentrum se tariewe is steeds mededingend en geen probleme word verwag om die kapasiteit van 38 inwoners te handhaaf nie.
Uitgawes: Die begroting maak voorsiening vir verdere onderhoud wat nog onafgehandel is, asook aansienlike munisipale kostes, maar in geheel word voorsien dat die Sorgsentrum se koste sal gelyk breek met inkomstes.

Die dienste van die sorggewers wat tuisversorging aan verswakte inwoners deur die Sorgsentrum verskaf het, is einde April 2019 beëindig. Hierdie diens is met ingang van 1 Mei 2019 aan Procare, wat spesialiseer in die versorging van ouer persone, oorgedra. 'n Hoeveelheid van die inwoners wat van hierdie diens gebruik gemaak het, toe dit deur die Sorgsentrum verskaf was, het besluit om sorggewers privaat in diens te neem. Hierdie lede is gewaarsku teen die ongewenste praktyk en gewys op die probleme wat mag ontstaan.

Alle versorgers wat aangestel word om tuisversorging aan bewoners in die Oord te bied, moet eers deur die trustees goedgekeur word, welke goedkeuring onderhewig sal wees daaraan dat sodanige persoon in besit van 'n sertifikaat is, wat aandui dat die persoon opleiding as 'n sorggewer ontvang het by 'n geakrediteerde instansie.

Medwell SA, wat spesialiseer in die voorsiening van besturende tuisversorgingsdienste, het aangedui dat hul belangstel om sodanige dienste vir inwoners in die Oord aan te bied. As 'n goed gevestigde landswye instansie, met 'n gesonde bestuurspan en bekwame personeel, is daar besluit om aan aan hul 'n geleentheid te gee om die inwoners tydens 'n vergadering by die Klubhuis te kom inlig oor hul foolestruktuur en ander tersaaklike inligting te deel.

Die vergadering, wat goed bygewoon was, het gedurende Maart vanjaar plaasgevind. Medwell SA is goedgekeur om in die Oord dienste te lewer en dit staan hul vry om voort te gaan en met inwoners wat hul dienste benodig, ooreenkomste aan te gaan.

Die Sorgsentrum het 'n bekwame geregistreerde verpleegster, drie ingeskrewe verpleegsters en vier sorggewers permanent in die Oord ontplooi om die voormelde private sorggewers te monitor, die gesondheidstatus van die inwoners in nood, asook verswakte bejaardes wat nog onafhanklik woon, te monitor.

Die arbeidsterapeut en maatskaplike werker onderskeidelik, word beide steeds op 'n uurlikse basis vergoed. Beide lewer waardevolle dienste aan ons inwoners. Me. Edna Lamprechts, wie in Mei 2019, as maatskaplike werker, by die span aangesluit het, lewer waardevolle bydraes, ook t.o.v die verhoogde bedbesetting in die Sorgsentrum.

'n Jaarlikse inspeksie deur die Direktoraat: Professionele Ondersteuningsdienste van die Wes-Kaapse Regering, is op 11 September 2019 uitgevoer. Daar is bevind dat die Sorgsentrum en onmiddellike omgewing, voldoen aan aanvaarbare norme en standaarde vir die skepping van 'n terapeutiese omgewing, sowel as nakoming ten opsigte van netheid en higiëne.

Ten slotte wil ek die dank en waardering van myself en my mede-direkteure aan die Verpleegbestuurder (Ina Prevedello) en haar personeel oordra vir die lojaliteit, toewyding en deernis waarmee dienste aan die inwoners in die Sorgsentrum, sowel as in die Oord gelewer word. Aan mnr. Gerhard van der Merwe, wat as Sekretaris van die Maatskappy diens doen, waarby ingesluit is, die maandelikse notules, finansies en ander tersaaklike pligte, 'n opregte woord van dank en waardering vir sy onbaatsugtige bydraes tot die Oord en die Sorgsentrum.

**HW HURTER**
**VOORSITTER: DIREKSIE**
**20 MEI 2020**

## OUDE WESTHOF AFTREE OORD BESTUURSVERENIGING/ OUDE WESTHOF VILLAGE MANAGEMENT ASSOCIATION

### INKOMSTESTAAT / INCOME STATEMENT

| | Begroting Budget 2019-2020 | Werklik/Actual Geoudit / Audited 2019-2020 | Begroting Budget 2020-2021 | |
|---|---|---|---|---|
| **INKOMSTE** | | | | **INCOME** |
| Heffings | 5 813 505 | 5 713 506 | 6 672 888 | Levies |
| Hulpsorgheffing | 417 600 | 410 400 | 431 424 | Assisted Living Levy |
| Sorgheffing | 666 324 | 667 215 | 718 056 | Care Levy |
| Ombudsman heffing | | 20 750 | | Ombudsman levies |
| Wassery | | 23 542 | | Laundry |
| **Totale inkomste** | 6 897 429 | 6 835 413 | 7 822 368 | **Total Income** |
| **UITGAWES** | | | | **EXPENDITURE** |
| Munisipaliteit | 960 720 | 1 218 407 | 1 605 772 | Municipality |
| VRME | (18 060) | (26 630) | (18 060) | VRME |
| Versekering | 622 500 | 614 092 | 648 448 | Insurance |
| Onderhoud | 1 178 920 | 1 134 150 | 1 561 244 | Maintenance |
| Tuin | 1 249 406 | 1 263 568 | - | Garden |
| Sekuriteit | 1 296 957 | 1 236 559 | 1 345 380 | Security |
| Administrasie | 481 220 | 952 991 | 492 676 | Administration |
| Klubhuisdienste | 300 080 | 248 224 | 351 072 | Clubhouse services |
| Salarisse | 4 323 815 | 3 978 407 | 5 517 419 | Salaries |
| Ander | 12 000 | 548 | 12 000 | Other |
| **Totale Uitgawes** | 10 407 558 | 10 620 316 | 11 515 951 | **Total Expenditure** |
| **BEDRYFSTEKORT** | (3 510 129) | (3 784 903) | (3 693 583) | **OPERATIONAL DEFICIT** |
| **ANDER INKOMSTE** | | | | **OTHER INCOME** |
| Uittree Heffing | - | 3 021 583 | - | Exit levy |
| Diverse inkomste | | 46 500 | | Sundry income |
| **Beleggings inkomste** | 349 992 | 469 626 | 276 000 | **Investment Income** |
| **RESULTAAT VOOR BELASTING** | (3 160 137) | (247 194) | (3 417 583) | **RESULT BEFORE TAXATION** |
| Belasting | 100 000 | 121 207 | 60 000 | Taxation |
| **NETTO ( TEKORT ) / OORSKOT** | (3 260 137) | (368 401) | (3 477 583) | **NETT ( DEFICIT ) / SURPLUS** |

## CARE CENTRE / SORGSENTRUM
## INCOME STATEMENT / INKOMSTESTAAT

| | Budget Begroot 2019 / 2020 | Actual / Werklik Audited / Geoudit 2019 / 2020 | Budget Begroot 2020 / 2021 | |
|---|---|---|---|---|
| **INCOME** | | | | **INKOMSTE** |
| Accommodation | 8 547 980 | 8 818 018 | 9 164 916 | Akkommodasie |
| | 8 547 980 | 8 818 018 | 9 164 916 | |
| **EXPENDITURE** | | | | **UITGAWES** |
| Municipal Charges | 717 516 | 87 174 | 570 200 | Munisipalekoste |
| Insurance | 40 080 | 31 711 | 33 924 | Versekering |
| PQ Levy | 352 096 | 352 097 | 404 136 | Deelnemingskwotaheffing |
| Maintenance | 290 400 | 329 720 | 480 660 | Onderhoud |
| Administration | 2 667 670 | 2 938 152 | 2 880 232 | Administrasie |
| Salaries | 4 411 833 | 4 520 837 | 4 786 114 | Salarisse |
| | 8 479 595 | 8 259 691 | 9 155 266 | |
| **Operating Result** | **68 385** | **558 327** | **9 650** | **Bedryfsresultate** |
| Investment Income ( net ) | - | 1 451 | - | Beleggingsinkomste ( netto ) |
| Result before taxation | 68 385 | 559 778 | 9 650 | Resultaat voor belasting |
| Taxation | - | 156 738 | - | Belasting |
| **Profit for the Year** | **68 385** | **403 040** | **9 650** | **Wins vir die jaar** |

## GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT OP 29 FEBRUARIE 2020
## CONSOLIDATED BALANCE SHEET AT 29 FEBRUARY 2020

| | GEKONSOLIDEERD | OWOBV | OWOBV | |
|---|---|---|---|---|
| | CONSOLIDATED | Edms (Bpk )/PTY (Ltd) | OWVMA | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | | **Non-Current Assets** |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 473 160 | 472 554 | 606 | Property, plant and equipment |
| Beleggingseiendom teen billike waarde | 21 489 092 | 21 489 092 | | Investment Property at fair value |
| Lening ontvangbaar | - | (4 044 295) | 4 044 295 | Loan Receivable |
| | 21 962 252 | 17 917 351 | 4 044 901 | |
| **Bedryfsbates** | | | | **Current Assets** |
| Handels- en ander debiteure | 461 871 | 162 979 | 298 892 | Trade and other receivables |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 283 958 | 87 252 | 6 196 706 | Cash and cash equivalents |
| | 6 745 829 | 250 231 | 6 495 598 | |
| **Totale bates** | **28 708 081** | **18 167 582** | **10 540 499** | **Total Assets** |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | | | **Equity and Liabilities** |
| Behoue verdienste | 14 357 041 | 14 357 041 | | Equity |
| Administratiewefonds | 3 200 911 | | 3 200 911 | Administrative fund |
| Reserwefonds | 6 472 424 | | 6 472 424 | Reserve Fund |
| Ekwiteit en Fondse | 24 030 376 | 14 357 041 | 9 673 335 | Equity and Funds |
| **Nie-bedryfslaste** | | | | **Non-Current Liabilities** |
| Lening vanaf aandeelhouer | - | - | | Loan from Shareholder |
| Uitgestelde belasting | 3 174 249 | 3 174 249 | | Deferred Tax |
| | 3 174 249 | 3 174 249 | - | |
| **Bedryfslaste** | | | | **Current Liabilities** |
| Handels- en ander krediteure | 1 391 672 | 645 715 | 745 957 | Trade- and other payables |
| Inkomstebelasting betaalbaar | 111 784 | (9 423) | 121 207 | Current Tax payable |
| | 1 503 456 | 636 292 | 867 164 | |
| **Totale ekwiteit en aanspreeklikhede** | **28 708 081** | **18 167 582** | **10 540 499** | **Total equity and Liabilities** |

**Snyman Van der Vyver**
Finansiële Dienste • Financial Services
'n Goedgekeurde FSP no. 13455
Tel: 0219408090 Faks: 0219408090 24uur nood nr: 082 333 8092
Pos adres: Van Riebeeckshof Straat; Bellville; 7530
Risiko adres 1: Van Riebeeckshof Straat; Bellville; 7530
Risiko adres 2: Munisipale groenstrook aangrensend aan Oude Westhof aftree oord;Van Riebeeckshof Straat; Bellville; 7530

VERSEKERDE NAAM : Oude Westhof Village Body Corporate & OWOBV (Edms) Bpk VHOR&B
POLISNOMMER: '63108971720
BTW NO.
HERNUWING : Mei
VERSEKERAAR : Santam

SEKURITEIT : 24uur Beheerde Toegang
SEKURITEIT : Elektriese Omheining

**(LET WEL : Hierdie is slegs 'n opsomming. Die dekking en voorwaardes is volgens die Polisbewoording en Bylae)**

**Afdeling 1: Brand** - Skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word wat aan die versekerde behoort of waarvoor hy verantwoordelik is, insluitende verbouings deur die versekerde as huurder aan die geboue en strukture as gevolg van: brand/weerlig of donderslag/ontploffing/aardbewing/Spesiale gevare(storm,wind,water,hael & sneeu) en kwaadwillige beskadiging.
Kolom verwysings: 1 GEBOU / 2 HUURGELD / 3 TOERUSTING / 4 VOORRAAD / 5 DIVERSE (Goedere nie geheel en al onder dak nie)

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | Klousule 1364 - Bybetaling : R2 500 |
| 2 | Inhoud - Klubhuis, (Ontvangslokaal, Sitkamer, Eetsaal, Kroeg, Haarsalon, Badkamers, Biblioteek, Raadsaal, Gym, Waskamer, Personeel Aantrekkamer, Hulpsorgsentrum - Onderste gang, Hulpsorgsentrum - Boonste gang, Sitkamer, Gordyne), Vleuel Klavier (Kolom 3) | R 1 391 487 | R 1 391 487 | R 2 456,45 | R 2 456,45 | Kragstuwing met dien verstande dat : Polis bewoording<br>i) enige eis of hoeveelheid eise - sal nie R50 000 oorskry nie<br>ii) Bybetaling : 10% van eis min R500<br>iii) Eweredigheid is nie van toepassing op kragstuwing nie |
| 3 | Alle boorgatpompe met toebehore (Kolom 5) - 2 x Grundfos CR10/10 Boorgatpompe / Druktenk & krane, Arkel twin filter 80mm koppelstukke / Durkmeter / 3 x Drukskakeltuig | R 222 000 | R 222 000 | R 418,69 | R 418,69 | |
| 6 | Swembad Patio Toerusting (Kolom 5) | R 146 801 | R 146 801 | R 494,73 | R 494,73 | |
| 7 | Kubato Kragopwekker | R 131 079 | R 131 079 | R 394,04 | R 394,04 | |
| 8 | Inhoud van Gesondheidsorg Eenheid | R 875 906 | R 875 906 | R 1 546,29 | R 1 546,29 | |
| | | | | | | |
| Totaal vir Afdeling | | | | R 5 310,20 | R 5 310,20 | |

**Afdeling 2: GEBOUE OMVATTEND** - Skade veroorsaak deur die omskrewe gevare: Onderafdelings A - GEBOUE / B - OPENBARE TOEVOERPUNTE / C - VERLIES VAN HUURGELD / D - REGSAANSPREEKLIKHEID

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 2019/2020 (Gebou koste R15 435) | 2019/2021 (Gebou koste R16 207) | 2019/2020 | 2019/2021 | Klousule 1364 - Bybetaling : R2 500 |
| | Eise voorbereidingskoste | R 36 751 | R 36 751 | R 126,66 | R 126,66 | Klousule 1061 - Warmwatersilinders : R1 500 |
| 1 | Huise (Erf 37827) O/W 1 Vervangings waarde verhoog met 5% (R16 207 p/m²) - Insakking en grondverskuiwing ingesluit - effektief 20 Oktober 2006 | R 181 187 398 | R 189 925 666 | R 169 410,22 | R 177 580,50 | Kragstuwing met dien verstande dat : Polis bewoording<br>i) enige eis of hoeveelheid eise - sal nie R50 000 oorskry nie<br>ii) Bybetaling : 10% van eis min R500<br>iii) Eweredigheid is nie van toepassing op kragstuwing nie |
| 3 | Werkers-huise - Insakking en grondverskuiwing ingesluit - effektief Sept 2009 | R 1 464 568 | R 1 464 568 | R 1 408,70 | R 1 408,70 | |
| 4 | Buite Mure - Insakking en grondverskuiwing ingesluit - effektief Sept 2009 | R 2 702 716 | R 2 702 716 | R 2 599,63 | R 2 599,63 | Ingesluit : Noodakkomodasie Klousule 1755 : Items 1, 14, 16, 21, 24, 28 |
| 5 | Stutmure - Uitgesluit stutmuur by versorgingsoord gebou 1 Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Sept 2009 | R 2 370 635 | R 2 370 635 | R 2 346,00 | R 2 346,00 | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | Siviele werke - bv: Elektriese-, Water- (ingesluit hoof toevoer), Stormwater pype, paaie, parkeer area & oprit plaveisel - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief 01/05/2010 | R 8 792 739 | R 8 792 739 | R 8 426,36 | R 8 426,36 | |
| 7 | Kommunikasie toerusting - 7 Dekodeerders; interkom & besproeiingstelsel toerusting. | R 1 667 766 | R 1 667 766 | R 1 650,43 | R 1 650,43 | |
| 8 | Hysbak in gesondheidsorg gebou - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Mei 2010 | R 935 304 | R 935 304 | R 900,05 | R 900,05 | |
| 9 | Opruimingskoste - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Mei 2010 | R 1 223 715 | R 1 223 715 | R 1 177,03 | R 1 177,03 | |
| 11 | Gesondheidsorg gebou (1062m²) - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Sept 2009 | R 17 689 877 | R 17 689 877 | R 16 934,52 | R 16 934,52 | |
| 12 | Klubhuis - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Sept 2009 | R 19 612 492 | R 19 612 492 | R 18 268,25 | R 18 268,25 | |
| 14 | Huise (Erf 30929) O/W 2 Vervangings waarde verhoog met 5% (R16 207 p/m²) - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Sept 2009 | R 83 457 598 | R 87 299 842 | R 78 032,85 | R 81 625,35 | |
| 15 | 191 x Warmwatersilinders van items 1, 11, 12, 14, 16, 21 | R 2 499 617 | R 2 499 617 | R 24 996,17 | R 24 996,17 | - @ R13 087 elk |
| 16 | Huise (Erf 39655) O/W 3 Vervangings waarde verhoog met 5% (R16 207 p/m²) - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Sept 2009 | R 111 428 019 | R 116 807 315 | R 104 185,20 | R 109 214,84 | |
| 18 | Hysbak in Kombuis - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Mei 2010 | R 195 793 | R 195 793 | R 193,74 | R 193,74 | |
| 19 | Kabels | R 667 471 | R 667 471 | R 660,54 | R 660,54 | |
| 20 | Hysbak in Woonstel gebou - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Mei 2010 | R 734 218 | R 734 218 | R 726,59 | R 726,59 | |
| 21 | Huise (Erf 39654) O/W 4 Vervangings waarde verhoog met 5% (R16 207 p/m²) - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Sept 2009 | R 14 175 429 | R 14 816 189 | R 13 254,03 | R 13 853,14 | |
| 22 | "Common" Property - 3% word toegelaat vir buitemure van huise Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Sept 2009 | R 10 984 269 | R 10 984 269 | R 10 870,09 | R 10 870,09 | |
| 24 | Huise (Erf 37827) 14 x Nuwe Eenhede Vervangings waarde verhoog met 5% (R16 207 p/m²) - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Mei 2014 | R 39 712 057 | R 41 691 465 | R 37 130,77 | R 38 981,52 | |
| 25 | 14 x Warmwatersilinders van item 24 | R 183 218 | R 183 218 | R 1 832,18 | R 1 832,18 | - @ R13 087 elk |
| 26 | Saal en Biblioteek - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Junie 2014 | R 1 997 444 | R 1 997 444 | R 1 976,58 | R 1 976,58 | |
| 27 | Toevallige Skade (Sien lys van huise) ingesluit : Pompe, Booster Pompe, CRI Flow Control Switch, Filters | R 8 061 | R 8 061 | R 1 500,00 | R 1 500,00 | Bybetaling : R250 (5 - Huise) |
| 28 | Eenhede (Erf 30927) Vervangings waarde verhoog met 5% (R16 207 p/m²) - Insakking en grondverskuiwing ingesluit effektief Nov 2018 | R 5 355 945 | R 5 623 829 | R 5 007,81 | R 5 258,28 | |
| 29 | 8 x Warmwatersilinders van item 28 | R 104 696 | R 104 696 | R 1 046,96 | R 1 046,96 | - @ R13 087 elk |
| | | | | | | |
| Totaal vir Afdeling | | | | R 504 661,36 | R 524 154,11 | |

**Afdeling 3: KANTOOR INHOUD** Onderafdelings: A - Verlies van of skade aan die inhoud (behalwe dokumente soos omskryf in onderafdeling C indien dit daarkragtens verseker is en elektroniese dataverwerkingstoerusting)... B - Huurgeld / C - Dokumente / D - Regsaanspreeklike dokumente / E - Verhoogde bedryfskoste

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Kantoor Inhoud | R 105 017 | R 105 017 | R 214,25 | R 214,25 | **AWERY VAN TOEPASSING** |
| | | | | | | **Kl. 1879 - Alarm Klousule** |
| | Huurgeld | R 26 254 | R 26 254 | Ingesluit | Ingesluit | 25% van versekerde bedrag |
| | Inbraak | R 20 218 | R 20 218 | R 436,46 | R 436,46 | Bybetaling : 10% van eis min R500 |
| | | | | | | |
| **Totaal vir Afdeling** | | | | **R 650,71** | **R 650,71** | |

**Afdeling 6: DIEFSTAL** Verlies van of skade aan alle inhoud (eie of waarvoor die versekerde verantwoordelik is) van enige versekerde gebou op die versekerde perseel wat in die bylae beskryf word weens diefstal of poging daartoe wat gepaard gaan met kragdadige en gewelddadige betreding of verlating van sodanig gebou of weens diefstal wat volg op geweld of dreigement van geweld.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Eerste Verlies | R 30 000 | R 30 000 | R 2 402,71 | R 2 402,71 | **Kl. 1879 - Alarm Klousule** |
| | | | | | | |
| **Totaal vir Afdeling** | | | | **R 2 402,71** | **R 2 402,71** | |

**Afdeling 7: GELD** Verlies van of skade aan geld wat plaasvind in die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe en Malawi, behalwe indien andersins gespesifiseer.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Hoofperk | R 10 000 | R 10 000 | R 790,88 | R 790,88 | **Kl. 1879 - Alarm Klousule** |
| 2 | Seisoenperk | | | Ingesluit | Ingesluit | |
| | - houer perk | R 2 000 | R 2 000 | Ingesluit | Ingesluit | |
| | - klerasie | R 3 000 | R 3 000 | Ingesluit | Ingesluit | |
| | - slotte en sleutels | R 3 000 | R 3 000 | Ingesluit | Ingesluit | |
| | - Persoonlike Ongevalle | R 20 000 | R 20 000 | R 44,52 | R 44,52 | Bybetaling: R200 |
| **Totaal vir afdeling** | | | | **R 835,40** | **R 835,40** | |

**Afdeling 8: GLAS** Verlies van of skade aan interne en eksterne glas (insluitende spieëls), letterskilderwerk en die behandeling daarvan op die versekerde persele, soos in die bylae vermeld, wat die eiendom van die versekerde is of waarvoor hy aanspreeklik is.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Oude Westhof Aftree oord | R 14 417 | R 14 417 | R 692,82 | R 692,82 | Bybetaling : 10% van eis min R500.00 |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| **Totaal vir afdeling** | | | | **R 692,82** | **R 692,82** | |

**Afdeling 9: GETROUHEID**

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Maksimum 5 werkers | R 30 000 | R 30 000 | R 2 197,10 | R 2 197,10 | |
| | | | | | | |
| **Totaal vir afdeling** | | | | **R 2 197,10** | **R 2 197,10** | |

**Afdeling 11: BESIGHEIDS ALLE RISIKO** Verlies van of skade aan die hele of 'n deel van die eiendom wat in die bylae beskryf word terwyl dit op enige plek ter wêreld is, deur enige ongeval of teëspoed wat nie andersins uitgesluit is nie.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | Musiek sentrum toerusting (Sitkamer/Klubhuis) | R 65 533 | R 65 533 | R 1 853,52 | R 1 853,52 | Bybetaling : 10% van eis min R500 |
| 3 | Yamaha DGX220 Prortable Keyboard PSR295 (Eetsaal) | R 7 418 | R 7 418 | R 209,83 | R 209,83 | Bybetaling : 10% van eis min R500 |
| 4 | Alle Boorgatpompe + toebehore | R 91 747 | R 91 747 | R 2 594,92 | R 2 594,92 | Bybetaling : 10% van eis min R500 |
| 6 | Tools/gereedskap | R 78 641 | R 78 641 | R 4 077,74 | R 4 077,74 | Bybetaling : 10% van eis min R500 |
| 7 | Motorhekmasjien | R 8 587 | R 8 587 | R 485,73 | R 485,73 | Bybetaling : 10% van eis min R500 |
| 8 | Skandeerder wat by hek is vir toegangsbeheer s/n R3117BD005854 | R 17 120 | R 17 120 | R 483,57 | R 483,57 | Bybetaling : 10% van eis min R500 |
| | | | | | | |
| **Totaal vir afdeling** | | | | **R 9 705,31** | **R 9 705,31** | |

**Afdeling 12: TOEVALLIGE SKADE** Toevallige fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom by of in die omgewing van die perseel wat nie andersins verseker is, of waarvoor versekering nie beskikbaar is nie en wat beskryf word (hetsy by hierdie polis ingelyf al dan nie) ingevolge enige ander afdeling (behalwe Alle Risiko) wat in die inhoudsopgawe van hierdie polis uiteengesit is. Die bedrag wat betaalbaar is vir alle verlies of skade wat voortspruit uit een oorsponklike oorsaak of bron beloop hoogstens die bedrag vermeld en nieteenstaande algemene voorwaarde 2 dra hierdie afdeling nie by tot enige omskrewe gebeurtenis waarvoor meer spesifiek verskering gereël is nie.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Toevallige skade | R 35 000 | R 35 000 | R 1 588,81 | R 1 588,81 | Klousule 1299 = Bybetaling : R2 500 |
| | | | | | | |
| **Totaal vir afdeling** | | | | **R 1 588,81** | **R 1 588,81** | |

**Afdeling 13: PUBLIEKE AANSPREEKLIKHEID** - Skadevergoeding wat die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die toevallige dood, liggaamlike besering of siekte van enige persoon of die toevallige verlies van of fisieke skade aan tasbare eiendom wat op of na die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word in die loop van of in verband met die besigheid plaasvind binne die gebiedsperke en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk skriftelik teen die versekerde ingestel word.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Algemene Publieke aanspreeklikheid Perseel 1 & (Groenstrook) Perseel 2 | R 10 000 000 | R 10 000 000 | R 3 630,34 | R 3 630,34 | Bybetaling : R1 000 |
| | - Regsverdedigingskoste | R 50 000 | R 50 000 | R 1,00 | R 1,00 | |
| | - Onregmatige inhegtenisname | R 100 000 | R 100 000 | R 50,00 | R 50,00 | |
| | - Produkaanspreeklikheid | R 2 000 000 | R 2 000 000 | R 1 327,44 | R 1 327,44 | Bybetaling : 10% van eis min R1 000 max. R25 000 |
| | | | | | | |
| | Trustee Aanspreeklikheid | R 1 000 000 | R 1 000 000 | Ingesluit | Ingesluit | Kl. 1767 - Skadeloosstelling vir Trustee(s) |
| **Totaal vir afdeling** | | | | **R 5 008,78** | **R 5 008,78** | |

**Afdeling 14: WERKGEWERS AANSPREEKLIKHEID** - Skadevergoeding waarvoor die versekerde regtens aanspreeklik word om te betaal as gevolg van die dood of liggaamlike besering of siekte van enige persoon wat ingevolge 'n diens- of vakleerlingskapkontrak in die versekerde se diens is en wat op of na die terugwerkende datum wat in die bylae vermeld word in die loop van en in verband met sodanige persoon se diens by die versekerde plaasvind, binne die gebiedsperke, en wat aanleiding gee tot 'n eis of eise wat aanvanklik gedurende die versekeringstydperk wat in die bylae vermend word.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Alle werkers | R 1 000 000 | R 1 000 000 | R 544,74 | R 544,74 | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| **Totaal vir Afdeling** | | | | **R 544,74** | **R 544,74** | |

**Afdeling 17: MOTOR** - Verlies van of skade aan enige voertuig wat in die bylae beskryf word en die toebehore en onderdele daarvan terwyl dit daaraan is.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| 2 | 2009 Nissan NP200 1.6 Base Bakkie / CY18026 | R 50 500 | R 50 500 | R 3 617,20 | R 3 617,20 | Bybetaling : 5% van eis min R3 000 |
| | Verlies van Sleutels @ R15 000 | | | | | Diefstal / Kaping : 10% van eis min R3 000 |
| | | | | | | Windskerm : 25% van eis min R350 |
| | **ADG : 470 17 660 @ R50 500 (sonder ekstra's)** | | | | | Persone onder 25 : R1 000 addisioneel |
| | | | | | | Verlies van Sleutels : R350 |
| | | | | | | |
| 3 | 2003 Golf Kar | R 20 000 | R 20 000 | R 470,39 | R 470,39 | Bybetaling : 10% van eis min R1500 |
| | | | | | | Diefstal / Kaping : 10% van eis min R3 000 |
| | **ADG : 999 99 077 @ Geen waarde** | | | | | Windskerm : 25% van eis min R350 |
| | | | | | | Persone onder 25 ouer as 75 : Add. R500 |
| | | | | | | Verlies van Sleutels : R250 |
| | | | | | | |
| 4 | 1900 Golf kar | R 20 000 | R 20 000 | R 470,39 | R 470,39 | Bybetaling : 10% van eis min R1500 |
| | | | | | | Diefstal / Kaping : 10% van eis min R3 000 |
| | **ADG : 999 99 077 @ Geen waarde** | | | | | Windskerm : 25% van eis min R350 |
| | | | | | | Persone onder 25 ouer as 75 : Add. R500 |
| | | | | | | Verlies van Sleutels : R250 |
| | | | | | | |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 2015 KIA K2700 2.7 4X2 D/Tipper | R 170 000 | R 170 000 | R 12 804,27 | R 12 804,27 | Bybetaling : 10% van eis min R3 000 |
| | Reg no. Voorsien asb. | | | | | Diefstal / Kaping : 10% van eis min R5 000 |
| | Verlies van Sleutels @ R15 000 | | | | | Windskerm : 25% van eis min R500 |
| | Ingesluit in waarde : Rubberising @ R2 000 | | | | | Persone onder 25 ouer as 75 : Add. R500 |
| | | | | | | Verlies van Sleutels : R350 |
| | ADG : None | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| *Voertuigonklaarrakingsdiens - klousule 2139 - beskikbaar @ R13-00 per maand per voertuig* | | | | | | |
| ***Motorhuur kan ingesluit word teen verskillende tariewe vir verskillende katagorie van voertuie indien die voertuig verseker word.*** | | | | | | |
| **Totaal vir Afdeling** | | | | R 17 362,25 | R 17 362,25 | |

**Afdeling 18: ELEKTRONIESE TOERUSTING -** Fisieke verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat in die bylae beskryf word deur enige oorsaak wat nie hierin uitgesluit word nie, terwyl: a) in werking of nie in gebruik nie enige plek binne daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die bylae; b) in transito met inbegrip van laai en aflaai of terwyl dit tydelik op enige perseel onderweg gestoor word; c) tydelik verwyder van daardie gedeelte van die gebou wat deur die versekerde geokkupeer word by die versekerde perseel omskryf in die bylae na enige ander gebou.

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 12 | 1 x Rekenaar + toerusting (Sekretaresse) - | R 8 575 | R 8 575 | R 149,70 | R 149,70 | **AWERY VAN TOEPASSING** |
| 13 | Musiek sentrum toerusting & Plasma TV (Sitkamer/Klubhuis) | R 61 252 | R 61 252 | R 807,02 | R 807,02 | **Bybetalings :** |
| 14 | 1 x Rekenaar (Ontvangslokaal) | R 8 575 | R 8 575 | R 149,70 | R 149,70 | Items bo R2 000-00 = 10% van eis min. R500-00 |
| 15 | 1 x Rekenaar + toerusting (Elmarie) - | R 8 575 | R 8 575 | R 149,70 | R 149,70 | Items onder R2 000-00 = R250-00 |
| 16 | Spesiale TV Skerm (Klubhuis) | R 24 501 | R 24 501 | R 322,81 | R 322,81 | Laptops = 10% van eis min. R1 000-00 |
| 18 | Kasregister (Kroeg/Klubhuis) - | R 1 225 | R 1 225 | R 21,39 | R 21,39 | **Klousule 1877** |
| 19 | PABX Sisteem + Sentrale Ontvangs + Interkomstelsel + Paniek knoppies | R 275 635 | R 275 635 | R 4 811,83 | R 4 811,83 | Klousule 1952, 1953 - Uit voertuig sonder tekens van inbraak : bybetaling 20% van eis min R2 000 |
| 20 | Vingerafdruk Skandeerder | R 2 450 | R 2 450 | R 42,77 | R 42,77 | |
| 21 | Projektor | R 19 850 | R 19 850 | R 346,51 | R 346,51 | |
| 22 | Samsung Galaxy Tab2 Table s/n 355695/05/456446/1 | R 7 963 | R 7 963 | R 655,70 | R 655,70 | |
| 25 | Verskeie Sagteware | R 12 250 | R 12 250 | R 161,40 | R 161,40 | |
| 26 | 10 x HP Tablette - | R 49 002 | R 49 002 | R 3 695,81 | R 3 695,81 | |
| 30 | HP 15 i5 7200U 4 1 TB 15 Laptop met sagteware en bybehore s/n CND746BQZC | R 9 757 | R 9 757 | R 919,90 | R 919,90 | |
| | | | | | | |
| **Totaal vir Afdeling** | | | | **R 12 234,24** | **R 12 234,24** | |

**Klousule 1863: Kragstuwing of Weerligslag -** Verlies van of skade aan die versekerde eiendom wat op alle geleidende dienste (bv. alle elektriese verdeelborde, kragtoevoerproppe, antennas, telekommunikasielyne en datalyne) wat die versekerde perseel binnegaan of verlaat, beskerm word, soos deur die "SABS Praktykkode" vir stuwingsbeskerming gespesifiseer, is aan 'n eerste bedrag betaalbaar van 20% van die bruto bedrag betaalbaar vir items beskadig deur kragstuwing of weerligslag, onderhewig aan 'n minimum van R2 000 per gebeurtenis.

**Afdeling 21: MASJIENERIE BREEKSKADE** - Onvoorsiene, skielike en toevallige fiesiese skade aan die versekerde eiendom terwyl op die perseel vanweë enige oorsaak wat nie spesifiek

| Item | Beskrywing | Bestaande VB Bedrag | Hernuwingsbedrag | Bestaande premie | Hernuwingspremie | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Alle Boorgatpompe + toebehore | R 85 065 | R 85 065 | R 2 574,33 | R 2 574,33 | Kl. 1314 - Waarborg vir instandhoudingskontrak Bybetaling : 10% van eis min R1 000 |
| 3 | 6 x Groot lugreëlaars @ R22 898 elk | R 128 400 | R 128 400 | R 3 885,78 | R 3 885,78 | Kl. 1314 - Waarborg vir instandhoudingskontrak Bybetaling : 10% van eis min R1 000 (Bygevoeg 26/05/2014) |
| 4 | Kubato Kragopwekker | R 107 000 | R 107 000 | R 2 590,52 | R 2 590,52 | |
| | | | | | | |
| **Totaal vir Afdeling** | | | | **R 9 050,63** | **R 9 050,63** | |

Klousule 1311 : Kragstuwer Vereiste : Masjinerie /Toerusting - Geen skadeloosstelling vir verlies of skade wat spruit uit weerlig of kragstuwing sal verleen word nie tensy kragstuwers geinstalleer is op die versekerde se perseel aan alle datalyne, kragtoevoerproppe asook by die kragverdeelkaste.

Klousule 1314 : **Waarborg vir 'n instandhoudingskontrak - Item no.** Alle items

| | | | |
|---|---|---|---|
| JAARPREMIE | 553 168,26 | 591 737,81 | |
| MAAND PREMIE | 46 097,36 | 49 311,48 | |
| SASRIA MAAND PREMIE | 3 442,13 | 2 900,00 | |
| HANTERINGSFOOI | 0,00 | 0,00 | |
| TOTALE MAAND PREMIE | 49 539,49 | 52 211,48 | |

Noodakkomodasie: Klousule 1755 - Geboue Omvattende Afdeling

Die maatskappy dek die huurgeld wat die bewoner moet betaal of die redelike uitgawes wat die bewoner aangaan vir alternatiewe verblyf, soortgelyk aan die beskadigde privaat woning, indien die privaat woning sodanig beskadig word deur enige van die gespesifiseerde gevare dat dit onbewoonbaar is. Hierdie dekking geld slegs vir die tydperk wat redelikerwys nodig is om die privaat woning weer bewoonbaar te maak en is in alle gevalle beperk tot 'n maksimum van 12 maande vanaf die datum van die verlies.

Emergency accommodation: Clause 1755 - Buildings Combined

The company will indemnify the insured for the rent payable or the reasonable expenses incurred by a resident for alternative accommodation, based on property similar to the damaged private dwelling, if the insured private dwelling is so damaged by any of the perils specified as to be rendered un-tenantable. The cover applies only for the period reasonably necessary for reinstatement of the private dwelling, but in any event limited to a maximum of 12 months from the date of the loss.

## OPSIONELE RISIKO'S BESKIKBAAR

Afdeling 4: SAKEONDERBREKING
Afdeling 5: REKENINGS ONTVANGBAAR
Afdeling 8: GLAS
Afdeling 9: GETROUHEIDS / EERLIKHEIDS WAARBORG
Afdeling 10: GOEDERE IN TRANSITO
Afdeling 15 : AANGEGEWE VOORDELE
Afdeling 16: GROEP PERSOONLIKE ONGEVALLE
Afdeling 17: MOTOR

Afdeling 19: INTERNE RISIKO
Afdeling 20: HUISEIENAARS
Afdeling 21: MASJIENERIE BREEKSKADE
Afdeling 22: EKSTERNE RISIKO
Afdeling 23: MASJIENERIE BREEKSKADE EKSTERNE RISIKO
Afdeling 24: HUISBEWONERS

Polispremie sluit in kommissie aan die tussenganger ten bedrag van ongeveer : R9 842-67
BTW teen 15% is ingesluit in verskerde bedrag en premie betaalbaar.

HANDTEKENING KLIëNT : ______________________ DATUM : ______________________

HANDTEKENING KONSULTANT : ______________________ DATUM : ______________________